

Die skeiding van weë rondom die kruis

Twee kruisgebeure word uitdruklik deur Markus beskryf: die duisternis van God se toorn wat drie ure lank duur en die voorhangsel in die tempel wat skeur en die pad na die allerheiligste God oopmaak. Met hierdie twee gebeure word die skadu van die kruis 'n onsigbare lyn wat die mensdom verdeel. Onverbiddelik wys mense se reaksie hulle uit as gelowig of ongelowig.

Aan die een kant staan die spotters. Die duisternis wat oor die aarde toesak raak hulle nie, want hulle is in hulle haat en bloedlus so meegevoer dat hulle blind word vir die toorn van God wat voor hulle oë uitgestort word. Hulle sien selfs kans om te spot. Op die heiligste oomblik in die mens se geskiedenis is die beste wat hulle kan voortbring spot – spot by die dood van God se Seun. Die ironie is dat hulle wat so spot steeds bly voortleef. Hulle lewe egter 'n lewe in duisternis. Vir sommiges loop dit uit op die ewige duisternis.

As Hy sterf breek die lig egter vir ander deur. Die Romeinse offisier wat reg voor die kruis gestaan het, is die eerste wat deur hierdie lig getref word: “Waarlik, Hy was die Seun van God.” Die volk bly spottend blind, maar 'n heidense soldaat word tot besinning gebring. Eenkant staan daar ook 'n groepie vroue. Ook vir hierdie troue volgelingen het die lig begin opgaan. Vir sommiges sou dit eers die volgende oggend by die leë graf helder skyn, maar hulle was gereed om in die lig te lewe.

Die spot duur steeds voort. Dink maar hoe die wêreld weer onlangs Paasfees gevier het. Maar ook die lig skyn al verder. Dit brand in elkeen wat besef: Só het Hy gely vir my sonde. Ek het deel aan wat Hy beleef het. Ek het bygedra tot sy leed en smart en verlatenheid. Maar omdat ek die lig gesien het, leef ek nou in diens van die Vader.

Sing: Skrifberyming 8:1,2

Ds BC Smit (Brits-Wes)